*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 20 September 2026**
**LENTELOFPRYSING**

**Ons, "dag en nag" dankbaar oor Hom wat "ewig en ewig" leef!**
**Só sing en bid en doen 'n gemeente op berge en in dale, oral voor God se aangesig.**

*"Sonder om te rus, herhaal hulle dag en nag:*
*'Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat is en wat was en wat kom. …*
*U is waardig, ons Here en God, om die heerlikheid en die eer en die krag te ontvang, omdat U alle dinge geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep.'"*
(Openbaring 4:8 en 11)

Van daardie Sondag, "die dag van die Here", toe die oue Johannes op die eiland Patmos die Stem agter hom gehoor en omgedraai en Christus gesien en verskrik neergeval het (Open. 1:9-17), tot hier, die visioen van 'n geopende hemel en die troonsaal van God (Open. 4:1-2), het dié andersheid – dié groot verskil tussen homself en die gemeentes aan die een kant, en dan God aan die anderkant, die Een wat op die troon sit (4:2-3) en Jesus wat tussen die lampe van die gemeentes rondgaan (1:12-13) en die volmaakte Gees wat tot hul elk spreek (2:7, 11, 17, 29 en 3:6, 13 en 22) – by Johannes gebly.

Terwyl hyself verdrukking ly en sy eie verganklikheid besef, hoor hy Jesus sê *"Ek is die Eerste en die Laaste, die Lewende, Ek hou die sleutels van die doderyk, moenie bang wees nie!"* (1:17-18). Terwyl Efese in hul eerste liefde verkoel het, hou Christus hul lamp brandend en roep hul op om te onthou om dié Lig te laat skyn (2:4-5). Vir Smirna wat swaar kry en arm is, bemoedig Jesus dat dit verby sál gaan, hulle moet net moedhou (2:9-10). Vir Pergamum wat gevaarlike omstandighede beleef, sê Jesus Hy kén die plek en aardse magte en sal sy Kerk beskerm; hulle dra sý Naam (2:13-16). Tiatira wat in geloof, liefde en diens gegroei het, word opgeroep om deur loutering heelhartig toegewy te bly, Jesus kom (2:19, 24)! Sardis wat in tevredenheid en gemak weggesluimer het, word wakkergeroep, om die Gees se werking te sien, om rein te leef (3:2-4). Ook Laodisea word uit hul selfvoldane louheid geroep om hulself te sien soos Gód hulle sien, en deur Hom gesuiwer en genees te word (3:16-18). En Filadelfia wat gedink het hulle kragte is min, word gewys op 'n geopende deur, 'n roeping wat wag (3:8).

Terwyl óns tye kom en gaan – ons ken maar "dag en nag" en seisoene en dalk sewentig jaar (Psalm 90) – is God "ewig en ewig" daar (Open. 4:10); deur verlede, hede en toekoms die Heilige, Lewende Een (4:8) wat met ons op weg is, deur dale en oor berge! Dít is ons troos, en dan 'n roeping: om voor Hóm in aanbidding, lof en dankbaarheid te leef, "dag en nag"…

**JL.**

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend – 'n feesgeleentheid – gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Welkom aan die doopouers en húl families en vriende! Welkom ook aan ander besoekers, gaste en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.
Die Liturgie vir ons Feesdiens is in die meegaande program uiteengesit, en verloop so ver moontlik spontaan. Indien u 'n Liedboek of Bybel benodig, daar is by die ingangsdeure beskikbaar – neem gerus een en deel in ons liturgie.

**Ander Eredienste:**

Sondag, 20 Sept. 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).
18:00 – Dr Johan Cromhout: **Orrelkonsert.**

*Orrelwerke van Mendelssohn, Buxtehude, Dubois en die bekende Toccata van Boëllmann vorm deel van vanaand se Feeskonsert, uitgevoer deur ons begaafde orrelis van die afgelope een-en-twintig jaar, Johan Cromhout.*
*'n Sagte kollekte by die deure ten bate van ons Orrelfonds.*

Dinsdag, 22 Sept. 07:00 – Ds. Jan Lubbe: 'n Kort Danksegging en Oggendwyding.
Sondag, 27 Sept. 09:30 – Ds. Jan Lubbe (Openbaring 5)
15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).
Sondag, 4 Okt. 09:30 – Ds. Jan Lubbe (Openbaring 6 & 7).

**Ons kategese vir die derde kwartaal sluit vanoggend af; daar is ook nie aanddienste gedurende die kort vakansie nie – ons hervat weer op Sondag, 11 Oktober 2026.**

Hierdie is die laaste Fokus vir die 3de kwartaal en gee ons daarom alle inligting vir die vakansietyd deur. Rus 'n bietjie en kom verkwik terug vir die afronding van 2026.

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

20 Sept. Georg Pieterse.
21 Sept. Heike-Louise Hechter, Joanita Rossouw, Cicilia van Heerden en Marina Voges.
22 Sept. Sandra Botha en Anra Faber.
23 Sept. Johann Janse van Rensburg en Annetjie van Zyl.
24 Sept. Frederick Fourie, Ramey Kruger, Pieter Lombard en Leon Potgieter.
25 Sept. Johan Kok, Sakkie Matthee, Deon Naudé en Hendrik Swart.
26 Sept. Pieter Botes, Tom Botha en Daan Potgieter.
28 Sept. Corrie Hoffman, Velka Laubscher, Raaitjie Oosthuizen, Derick Strauss, Aneléh van de Wall en Chantel van Zyl.
29 Sept. Alfréda Schutte, Millah Smith, Edward Uys (Key) en Zan-Mari van Rooyen.
30 Sept. Marieta Barnard, Henru de Wet, Martha van Jaarsveld en Shaun van Zyl.
01 Okt. Ezelle Samuel, Milané Swart, Diaan van der Walt en Marguarite von Wielligh.
02 Okt. Ada Opperman.
03 Okt. Lezahn Bosch, Yvonne du Toit, Johané Jordaan, Luan Koekemoer, Anabelle Laubscher, Karen Scheepers, Pieter van den Berg en Johan van Rooyen.

Ons gebede is verder vir almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Ansie Barnard (Genl. Cronjéstr. 38, wyk 9a); Jan Davel (Santé 68, wyk 18b); Gerty Joubert (Fluenta 31, wyk 8c); Erna Strydom (Woodlands Hights 2, wyk 12b) en Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a). Ons dink ook aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun.

Ons meelewing gaan ook aan Sunette en Christo Boshoff (Van der Stelstr. 5, wyk 14) en hul familie; haar vader is afgelope Donderdag oorlede. Mag die Here naby julle wees…

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak ds Johan Marais (084 517 8052) wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

In die vierde kwartaal – die laaste sewe weke – gaan al ons Bybelstudiegroepe 'n kort reeks uit die Lukas Evangelie doen: ***"Nuutgemaak! Kyk met nuwe oë na Jesus en die wêreld."*** (die Lukas Evangelie). Die boekie vir hierdie reeks, is by die Kerkkantoor te koop @ R 100 en ons begin op Woensdag en Donderdag, 7 en 8 Oktober 2026 daarmee.

## KERKRAADSAKE

**Dagbestuursvergadering:**

Maandag, 21 September om 17:30. Sakelyste is elektronies versprei.

**Verlof- en vakansiereëlings:**

Ds. Johan Marais: 21 September tot 5 Oktober 2026.

Ds. Janke Hurter: Tienerkamp by Mooigenoeg, 25-30 Sept; verlof 4-11 Okt.

Die Kerkkantoor sal op Vrydag, 25 September gesluit wees; open weer Maandag, 28 Sept.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**

In September is **Wyk 1** (suidelike grens, bo teen Grant's Hill) en vrywilligers aan diens vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy ook hiermee wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193). Vir Oktober kom **Wyke 2, 3** en **4** (noordelike- en westelike hange van Grant's Hill, agter die kerk op) aan die beurt.

## BEDIENINGE

**JEUGBEDIENING**

**Tienerkamp:** Die NG Kerk Vrystaat en ons Ring van Bloemfontein-Noord bied weer vanaf 25 September tot 1 Oktober (eerste week van die vakansie) 'n kamp vir tieners by Mooigenoeg aan – goeie nuus: **Inskrywings is verleng tot vandag, 20/9! Kontak ds. Janke of die Kerkkantoor** (073 180 3193), en kom kamp saam; geniet vriendskap, avontuur, saamkuier en 'n week se gesels oor geloof. Ons gemeente subsideer jou kampgeld, so dit kos net R 860 vir 5 dae met 3 etes per dag!

**GETUIENISBEDIENING (Woord én brood!)**

**Gemeentemark:**

Ons volgende Gemeentemark is op Vrydag, 2 Oktober – ons het nog voorraad wat oorgebly het van die Kermis, maar kort ook nuwe skenkings van klerasie en kombuisware; bring asb na die Kerkkantoor. Baie dankie ook aan al die helpers!

Het jy geweet dat wanneer jy by **Pick & Pay Preller** koop, jy jou strokie by die kassie by die uitgang kan ingooi – kyk uit vir ons nuwe logo daar! – en ons kry dan 'n % daarvan vir Berg-en-Dal se barmhartigheidsfondse terug (nes dié van die Gemeentemark). Jy maak 'n verskil!

## FEESPROGRAM 2026

Ons feesvieringe ter herdenking van Berg-en-Dal se sewentigste bestaansjaar (1956) bereik vanoggend 'n hoogtepunt met ons erediens en vanaand se Orrelkonsert. Baie dankie dat jy sover vanjaar, deel hiervan was: die jaaropening en toerustingsgeleentheid vir die kerkraad aan die hand van Psalm 90 en *"70"* as simboliese getal in die Bybel; die erediensreeks oor *"Vergifnis 70 x 7 keer"* uit die Lukas Evangelie en ons Dag van Hoop en Heling oor *"Hoe vergifnis vir ander en jouself werk"*; 'n Bybelstudiereeks oor *"Sewe Tekste uit Sewe Dekades"*; twee Seniorbyeenkomste met herinneringe in beeld en klank aan ons gemeente se storie; en die reeks eredienste afgelope kwartaal oor *"Wat sê die Gees vir ons as gemeente"* aan die hand van die Briewe aan Sewe Gemeentes (Open. 2 & 3). 'n Woord van opregte waardering aan Hanri van den Berg, wat ons feesjaarlogo ontwerp en met soveel bemarking gehelp het!

Oor die **Kermis 2026** – Dankbaar!

In besonder vanoggend, ons dank aan JP Joubert en die Kermiskomitee vir Vrydag se viering; dankie aan iedereen wat help beplan het, in die kantoor veral; dankie aan almal vir jul bydraes vooraf en die voorbereidings; die innovasie wat nodig was toe die weer koud en nat geraak het; dankie aan alle helpers op die terrein; dankie vir elkeen wat opgedaag en kom ondersteun en nóg saamgekuier het; dankie aan al die atlete wat nógtans vasgebyt en klaargemaak het; dankie aan elkeen wat ná die tyd opgeruim het – ons waardeer dit alles, en veral die goeie gesindheid wat weereens hier geheers het; dit is só opbouend en 'n mooi getuienis! Dankie. Die opbrengs van die Kermis staan tans op ± R 265 000, en daar's vanoggend nog vars vleis, gebak, gemmerbier, Deetlefs wyn, soetgoed, plante, boeke & voorskote te koop…

**Dinsdag, 22 September**

'n Kort Dankdiens en Oggendwyding, 07:00-07:30, gelei deur ds. Jan Lubbe in ons Kerkgebou; kom raak 'n paar momente stil in gebed, en rig ons harte op God.

**70 minute van Dankbaarheid**

Ons nooi almal ook uit om Dinsdag of in hierdie komende week 70 minute van jou tyd iewers in die gemeenskap of by die gemeente as vrywilliger te gee, en só 'n boodskap van hoop uit te dra. Kom ons gaan maak dit rondom ons skoon, heel, mooi of groen, of deel net die liefde van ons Heer met iemand wat dit nodig mag hê, mens òf dier.

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir daardie Sondag – vanoggend, 20 Sept.: **Gemeentehulp**. U kan 'n dankoffer via eft of SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005).**